BASIESE FEITE OOR LYFSTRAF

FEITEBLAD

Gender Research & Advocacy Project
LEGAL ASSISTANCE CENTRE
Windhoek, Namibia

Wat is lyfstraf?

Lyfstraf is wanneer 'n gesagspersoon fisieke krag gebruik met die bedoeling om pyn te veroorsaak as 'n vorm van dissipline. Lyfstraf aan kinders sluit gewoonlik dinge in soos klap, slaan, pak gee, of die kind met die hand, 'n stok of 'n gordel houe toedien. Dit kan ook ander dinge insluit soos skop, rondruk, knyp of brand.

Dissipline is bedoel om iemand die verskil tussen reg en verkeerd te leer, nie om besering te veroorsaak nie. Dit is nooit nodig om pyn toe te dien om iemand te dissiplineer nie. Daar is baie ander vorms van dissipline wat 'n baie groter uitwerking het.

Die gebruik van lyfstraf word nie in Namibiese skole toegelaat nie, alhoewel dit nog in sekere gevalle aangemeld word. Die Namibiese Hooggeregshof het bepaal dat lyfstraf in skole 'n skending van die kind se grondwetlike reg tot menswaardigheid is.

Lyfstraf word in baie huise toegepas. Daar was al gevalle in Namibië waar uitermate fisieke geweld teen kinders in die huis gebruik is, wat daartoe gelei het dat kinders ernstig beseer of gebrand is. Kinders is selfs doodgeslaan.

Waarom is lyfstraf 'n probleem?

- Lyfstraf kan oorgaan in ernstige fisieke mishandeling.
- Kinders wat aan lyfstraf blootgestel word, sal waarskynlik geweld gebruik as hulle volwassenes is.
- Lyfstraf leer kinders dat geweld 'n aanvaarbare manier is om probleme op te los.
- Lyfstraf leer nie vir kinders waarom hulle gedrag verkeerd was nie.
- Lyfstraf leer kinders dat dit toelaatbaar is om geweld teen iemand wat jy liefhet te gebruik.
- Lyfstraf kan die verhouding tussen 'n kind en sy ouers of versorger vernietig.
- Lyfstraf maak kinders meer aggressief teenoor ander kinders.
- Lyfstraf kan selfrespek skade aandoen deur die slagoffer bang, hartseer, skaam of nikswerd te laat voel.

Kinders het dissipline nodig. Die vraag is nou: WATTER SOORT dissipline is die effektiefste?

Regte wat geraak word deur lyfstraf:

- Die reg om nie onderwerp te word aan marteling of wrede, onmenslike en vernederende behandeling of straf nie
- Die reg om beskerm te word teen geweld en mishandeling
- Die reg tot ontwikkeling, insluitend die reg tot die hoogste moontlike standaard van fisieke en geestesgesondheid , en
- Die reg tot waardigheid en liggaamlike integriteit.

Alternatiewe vir lyfstraf

Daar is baie ander maniere waarop kinders gedissiplineer kan word. Hier volg vier voorbeelde:

(1) **Verduidelik die probleem.**

(2) **Laat kinders verantwoordelikheid vir hul optrede neem:** Byvoorbeeld, as die kind iets gebreek het, moet hy of sy dit regmaak.

(3) **"Uitsluiting":** Partykeer raak kinders baie opgewonde en dit kan aanleiding gee tot swak gedrag. Dit kan werk om die kind uit die kamer te neem – sodat hy of sy kan kalmeer, stilsit en nadink oor wat hy of sy verkeerd gedoen het.

(4) **Neem voorregte weg:** Die straf kan byvoorbeeld beteken om die kind nie toe te laat om televisie te kyk of by maatjies te gaan speel nie, of om nie vir die kind sakgeld te gee nie.

Die Legal Assistance Centre het ook 'n film vervaardig oor die alternatiewe tot lyfstraf, getitel "A Betta Way".

Gefinansier deur **Save the Children, Sweden**

Save the Children

Legal Assistance Centre
P.O. Box 604, Windhoek, Namibia
Tel. 061-223356